P.J. NIENABER en C.J.P. LE ROUX. *Vrystaat-fokus.* (Met foto's deur Etienne Botha). Cum-Boeke: Roodepoort, 1982. 97 pp. R17,95 (eksklusief). ISBN 0 86984 216 1.

In vergelyking met die meeste ander lande het Suid-Afrika 'n betreklike jong geskiedenis. Tog is dit 'n verlede ryk aan gebeurtenisse en heldedade – drie eeue waarin manne en vroue deur volharding en moed vir hulle 'n bestaan aan hierdie Suiderland ontworstel en die gebied oopgestel het. Die materiële nalatenskap van dié pioniers is uiteraard beperk en yl-verspreid, terwyl dít wat behoue gebly het, meestal besig is om te verword of te verweer en in die vergetelheid te verdwyn. Op die nageslag van hierdie baanbrekers rus derhalwe 'n dure plig om hul erfenis te bewaar en in gedagtenis te hou.

Met *Vrystaat-fokus* het prof. Nienaber en dr. Le Roux van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein juis hieraan uitvoering probeer gee. Hierdie werk rig as't ware 'n uitnodiging tot die leser en elke belangstellende om op reis deur die Vrystaat van vandag te gaan en gebeure van weleer te herleef. Dit word 'n "ontdekkingstog" wat die roemryke dade en groot momente, maar ook die donker dae uit ons volksverlede, voor die geestesoog roep.

Vir die doeleindes van die publikasie word die provinsie in drie hoofstreke verdeel, naamlik Suid-, Oos-, Noord- en Wes-Vrystaat (laasgenoemde twee word gesamentlik behandel). Benewens 'n kort geskiedenis van die stigting van en naamgewing aan dorpe, word plekke en geboue van kultuurhistoriese betekenis beskryf en met foto's — waarvan sommige in kleur — toegelig. Die fokus is egter hoofsaaklik op *monumente* ter ere van volksleiers en helde of ter herdenking van gebeure soos die Groot Trek, die Basoeto-oorloë (1858—1867), die Tweede Vryheidsoorlog (1899—1902), die simboliese Ossewatrek (1938) en die twee wêreldoorloë. Enkele opstalle (dikwels nog net die murasies of fondamente daarvan), plase, grafte van belangrike pioniers en natuurverskynsels van geskiedkundige belang word ook besoek en die agtergrond van elkeen kortliks geskets.

Die noodsaaklikheid om hierdie kultuurerfgoed te bewaar en die nagedagtenis van hulle wat aan die Vrystaat (en die Republiek van Suid-Afrika) help bou het, in ere te hou, word deurentyd beklemtoon. Hierdie erns word nietemin afgewissel met luimige vertellings soos dié oor die legendariese Renier de Winnaar se wedervaringe met die duiwel of kommandant Paul Kruger (die latere president) se Hollandse sekretaris wat op 'n keer so diep in die bottel gekyk het dat hy te midde van 'n hewige geveg teen Basoeto's sy roes ongesteurd lê en uitslaap het!

Sonder om enigsins aan die verdienstelikheid van die publikasie afbreuk te probeer doen, moet tog op enkele van die opvallendste leemtes en hinderlikste foute daarin gewys word. Daar word met die volgende tendense en voorbeelde volstaan:

Die gebruik van 'n "praatstyl" (populêre omgangstaal) is soms irriterend en steek skerp af by die meer wetenskaplike, sobere skryfstyl wat oor die algemeen gebruik word. Ook die sinsbou (woordorde) is nie altyd bevorderlik vir 'n vloeiende styl en leesgenot nie. Taal-, skryf- en spelfoute kom redelik algemeen voor, byvoorbeeld: *randjie* i.p.v. *rantjie* (p.8); *1662* i.p.v. *1862* (p.11); *klerklike* i.p.v. *kerklike* (p.14); *verenig* i.p.v. *verewig* (p.29); *Van Rijn* i.p.v. *Van Rhijn* (p.42, voetnoot 21); *Driemanskap* ... *waaromheen* i.p.v. ...*om wie* (p.47); die *Theemsrivier* i.p.v. *die Teems* (p.68); *voor die Stadsraad* i.p.v. ...*stadsaal* (p.69); *simkboliseer* i.p.v. *simboliseer* (p.80). Ten opsigte van spelling en woordkeuse duik allerlei inkonsekwensies op, byvoorbeeld: *Raad vir.../Raad van* (Nasionale Gedenkwaardighede); *die distrik van/die distrik; Klipplaatsdrif/Klipplaatsdrift; Silkaats/Mzilikazi; Leghoya/Leghoja; voet, treë en myl/metrieke mate* en *afstande; kilometer/kilometers*. Sekere sinne is vaag en dubbelsinnig geformuleer en kan tot verwarring lei, byvoorbeeld: "die dorp (is) tot distrik verklaar" (pp.13 en 41); "waar Bethulie tans staan" (p.17); "die eerste gemeente ... was die Baptistekerk" (p.53); "die hoeksteen is ... gelê en deur ds. Van der Lingen ingewy" (p.77); "die plaat ... lees" (p.89).

Wat die voetnoottegniek betref, is die volgende steurend: verwysings na geraadpleegde bronne vind soms in die teks en dan weer in voetnote plaas; die titels van publikasies stem nie altyd ooreen met dié wat in die bronnelys opgeneem is nie en word ook nie konsekwent gekursiveer nie; voorletters van outeurs word dikwels weggelaat; die gebruik van *ibid.* is nie deurgaans korrek nie; punktuasie en datumaanduidings (by koerante) in die voetnote is nie eenvormig nie.

In die bronnelys ontbreek verskeie belangrike publikasies wat klaarblyklik nie geraadpleeg is nie; sommige publikasies wat wel in die voetnote vermeld word, is trouens nie opgeneem nie; die voorletters van outeurs asook die plek en datum van uitgawe word nie oral verstrek nie; die titels van enkele bronne is foutief; in die inhoudsopgawe is geen verwysing na die bibliografie op bladsye 91—93 nie. Aangesien inskrywings in die register nie volledig is of altyd sinvol en logies gegroepeer word nie, word die opspoor van spesifieke gegewens bemoeilik.

Met die oog op die moontlike herdruk van die boek, kan die volgende oorweeg word: 'n kaart waarop die onderskeie roetes aangedui word, asook 'n straatplan van Bloemfontein wat dit vir die leser en toeris makliker sal maak om die besienswaardighede op te spoor; foto's van een of meer van die sewe geboue of plekke in die hoofstad wat die beskrywing daarvan kan ophelder; 'n fotoregister wat nuttig sou wees om bepaalde foto's geredelik te vind.

Ten slotte: in sy geheel beskou, kan hierdie publikasie as 'n aanwins vir die boekrak bestempel word. Die voorafgaande opmerkings is dus daarop bereken om 'n andersins puik eersteling van hierdie aard sy regmatige plek onder ons Africana te laat inneem.

*C.C. ELOFF*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*